Beste Pêrel (Gemeentedame)

In hierdie bladjie wil ons jou graag vertel oor elke bediening binne die vrouediens.

Ons sien daarna uit om saam met jou ons gemeente en gemeenskap te kan bedien!

Groete.

Die Pêrelbestuur

---

**Pêrelprojekte:**

| | |
|---|---|
| **Begrafnisse** | Ons benodig dames wat kan toebroodjies maak, help teeskink en na die tyd opruim. |
| **Funksies** | Algemene hulp: Mense word benodig om die lokaal voor te berei, kos te maak, op te skep en na die funksie skoon te maak.<br>Dekor***:*** Ons benodig dames se kreatiwiteit hiermee. |
| **Geskenke** | Ons benodig dames wat klein geskenkies kan maak en verpak vir spesiale geleenthede soos Kersfees, Paasfees, Hemelvaart, Pinkster, Moedersdag, Vadersdag, ens. |
| **Gholfdag** | Ons kerk hou een keer 'n jaar 'n gholfdag en daar word hulp benodig met die voorbereiding van kos en opdien daarvan by die uitgesoekte gholfklub. |
| **Klerebank** | Ons het mense van tyd tot tyd nodig om sorteerwerk van tweedehandse klere te doen soos dit inkom. |
| **Koekverkopings** | Ons het dames nodig om die items te verkoop, bak of skenk. |
| **Kreatiewe Middae** | Ons het laas voor Covid hierdie geleenthede gehad, maar sal dit graag weer op die been wil bring. Ons wil een keer per kwartaal 'n geleentheid hou waar iemand iets kreatief kan aanbied wat almal dan saam kan maak. |
| **Markte** | Ons probeer twee keer per jaar 'n mark hou. Hulp word benodig met bemanning van stalletjies en voorbereiding van die kos wat verkoop word. |
| **Padstal** | Verkoop van wegneemetes: Dit word gewoonlik op 'n Vrydag gehou. Mense word benodig om dit vanaf 14:00 voor te berei en vanaf 16:00 te verkoop. |
| **Pannekoekverkopings** | Pannekoekverkopings vind gewoonlik voor Medika Apteek in Petersfield van tyd tot tyd plaas. Ons werk dan tussen 07:00 en 12:00.  Daar is bakkers, rollers, strooiers en verkopers nodig. Met die Sirkelfees of markte is dit by die kerk. |
| **Seniorafsluiting** | Hierdie funksie vind net een keer per jaar in November plaas. Geen dame bo 65 mag hiermee help nie. Ons het altyd hulp nodig met die beplanning, aanbieding, kosmaak en skoonmaak na die tyd. |
| **Sirkelfees** | Verskeie hulp word hiermee in skofte by stalletjies en voorbereiding van kos benodig. |
| **Skoolbroodjies** | In samewerking met ons buurgemeente voorsien ons dames om die beurt kospakkies elke tweede Woensdag van die maand deur die skoolkwartaal aan kinders wat nie kos het vir skool nie. As jy 'n maandelikse skenking kan maak of help voorberei aan die kospakkies sal dit baie waardeer word. |
| **Uitreikprojekte** | Behalwe vir die diakonie van die gemeente word ons ook self betrokke, veral by winterprojekte. |
| **Vergaderings** | As iemand die woord vergadering noem, deins die meeste sommer weg. Dit is egter meestal kort en ons is 'n klomp entoesiastiese dames bymekaar wat graag vir die Here diensbaar wil wees. Dit vind een keer 'n maand op 'n Sondag na kerk plaas. Kom maak een keer 'n draai en sien hoe jy kan inskakel. |
| **Week van gebed/Pinkster** | Ons bied 'n teetyd na die diens met 'n drink- en eetding. Ons benodig asseblief skinkers en mense wat eetgoed kan help maak. |